

# Aankoms van seisoen se lustige ‘nooientjie’

**’n Duidelike teken dat herfs aangemeld het, is die wit, ligpienk en donkerpienk kosmos wat welig langs paaie in veral die Hoëveld in turfgrond met hoë absorpsievermoë gedy. Saad van dié plantspesie het die land tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) binne-in besmette perdevoer ingekom. Die plant kom oorspronklik van onder meer Argentinië. Kosmos word as onkruid beskou, en word plaaslik ook duiwel-in-die-bos en nooientjie-in-die-gras genoem. Dit behoort aan die familie *Asteraceae*, en die woord kosmos kom van die Griekse woord wat orde – met verwysing na die rangskikking van die blom se kroonblare – beteken. Die plant blom in Suid-Afrika in Maart en April.** FOTO: JACQUES JANSEN VAN VUUREN

Editorial

# Single week yields three rare events

**Last week, three uncommon events occured in the Northern Cape in the afterglow of the EFF’s #NationalShutdown.**

The first uncommon occurrence was that this province was at last ranked and mentioned in national news coverage when national statistics were reflected.

When South African media groups report on statistics relating to national issues, the largest province by far is very seldom mentioned, and one dares to say “never mention”.

As if nothing happens in this province, which constitutes 30,5% of the country – in comparison with Gauteng, at 1,5%.

As if people in the Northern Cape do not know a thing about anything.

As if we are just waiting for people from other provinces to keep us busy, informed and entertained or to drive on our roads so that we can look at them with envy (they think it is envy – we know it is pity).

Last week the Northern Cape was prominently mentioned in a press release from the National Joint Operational and Intelligence Structure when it stated at least 550 persons had been arrested during #NationalShutdown for various crimes, ranging from public violence to intimidation.

Gauteng recorded the highest number of arrests with 149, while the Northern Cape recorded the second highest number: 95 arrests. Although a questionable clame to fame, one is still delighted that the Northern Cape was not overseen.

A second uncommon but welcome event was the executive mayor of the Sol Plaatje Municipality delivering a press briefing on the two-day mayoral strategic planning session. Although Kagisho Sonyoni was elected as mayor back in November 2021 at the age of 26, he keeps out of sight of the media – hopefully this will change for all the right reasons.

A third unexpected event was that Kimberley was nominated by a hopeful person (or persons) for *Kwêla* on kykNET’s Dorp van die jaar competition. In the constant struggle for service delivery, no one saw this coming.

Juweeltjie

## sabander

tussenwerpsel; werkwoord

■ Uitroep om iemand te beveel om ’n ander nie te pla nie of uit sy pad te kom: “Sabander! Jy’s in die pad hier!” *Voor ek slaan aan jou* (C.J. Langenhoven)

■ Hardloop of vlug: “Die honde spring weg… Aitsa, kyk dan hoe sabander so ’n druiloor nou.” (R. Britz)

– **Besoek wat.co.za vir meer inligting.**

**Hou jou selfoon se kamera oor dié blokkie om *NoordkaapBulletin* te lees. Lees elke week die nuutste koerant as ’n e-publikasie by streeksnuus.netwerk24.com en volg die Facebook-blad NoordkaapBulletin vir daaglikse plasings.**

CENTRAAL24

Twyfelhoekie

# Nie almal verstaan ’n roeping nie

HANNES NOËTH

**Daar is ’n reuse-verskil tussen iemand wat werk omdat hulle hul roeping verstaan en iemand wie se werk sommer net ’n “job” is.**

So het dié ou oom my mooi geleer.

Hy het fluit-fluit gewerk, seker die heel slegste werk in daardie piepklein dorpie.

Hy was verantwoordelik vir die wegry van die nag-emmers. Dit is hoe dit daar genoem is.

Elke oggend lank voordat die son opkom, het jy die dorpie se trekker gehoor met die wa vir die nag-emmers.

Eintlik maar ’n ondankbare werk.

Op daardie stadium het hy dit reeds 28 jaar lank gedoen.

Hy het vertel hoe hy die jong mense sien kom en gaan het. Hulle belowe mos baie, maar hulle doen min, het hy gesê.

So teen die derde of vierde maand begin hulle kla en skielik, een oggend, kom hulle net nie weer terug nie.

Hyself het geleer om fluit-fluit nag-emmer vir nag-emmer te laai. Hy het amper opgewonde geraak toe hy vertel dat hy weet met elke emmer maak hy ’n verskil aan daardie gesin se omstandighede.

“Laat ek maar twee of drie dae siek wees, seun”, het hy laggend gesê, “dan sien jy ’n gemors.”

So het hy die gemeenskap gedien.

Sy werk was vir hom meer as net dit. Dit was ’n roeping.

Hy was gesteld daarop.

Dit was nie net ’n “job” nie.

Hy het aangetree vir sy roeping, hy het nie gekom vir ’n dag se “job” nie.

Vandag toe ek gekonfronteer word met ’n staatsamptenaar wat sy “job” swak pleeg, toe dink ek weer aan hom, wat nag-emmers fluit-fluit uitgehaal het.

Hy het verstaan.

Potpourri

# Wat gaan jy mis?

KARIN MULLER

**Die meeste mense is dankbaar vir die beroep wat hulle beoefen en werk wat hulle mag uitleef.**

Bo en behalwe dat dit ’n mens van ’n wyse voorsien om ’n bestaan te maak, is daar baie ander voordele wat dit inhou.

Jy ontmoet nuwe mense. Jy leer nuwe dinge. Jy oefen om uitdagings te bowe te kom. Jy leer sekere situasies hanteer. Dit voel of jy ’n spesifieke doel het.

Gesels jy in die algemeen met mense oor hul werk, het hulle een ding in gemeen: Hulle geniet die werk self, maar nie noodwendig dit wat daarmee gepaardgaan nie.

Kantoorpolitiek. Die een wat lieg en opstook en wrintiewaar deur die baas geglo word. Feitlik onmoontlike verwagtinge wat gestel word. Tandekners-sperdatums.

Veronderstel mense sou net in vrede gelaat word om hul werk na die beste van hul vermoë te doen. Sonder kantoorpolitiek. Sonder die opstoker. Met meer redelike verwagtinge en haalbare sperdatums. Vir die meeste mense sou dit heerlik wees om werk toe te gaan.

Uiteindelik is daar iets wat elkeen gaan mis wanneer hulle by ’n werkgewer weggaan.

Sommige mense mis die personeel of van die personeel. Ander mense mis die spesifieke kantooromgewing. Dalk gaan hulle vir ’n kleiner salaris werk en gaan die groter salaris gemis word. Uiteindelik is daar dinge wat ’n mens gaan mis en beslis nie gaan mis nie wanneer jy jou pos by ’n werkgewer opsê.

Wat gaan jy van jou pos mis wanneer jy daar weggaan?

Kameeldoring

# Skimme verskyn

CHARNÉ KEMP

**“So do we pass the ghosts that haunt us later in our lives; they sit undramatically by the roadside like poor beggars, and we see them only from the corners of our eyes, if we see them at all. The idea that they have been waiting there for us rarely crosses our minds. Yet they do wait, and when we have passed, they gather up their bundles of memory and fall in behind, treading in our footsteps and catching up, little by little.” – Stephen King, *Dark Tower Set***

Gedaantes verskyn teen die wit lig langs die snelweg.

Komberse en beddegoed hang soos swart mantels om hul skouers.

Die snelweg verlate, want elders betoog die rooi barette.

Dis net ons en die gedaantes met hul swart bondeltjies. Hulle gooi nie duim of bedel nie.

Geen spertye, bestemmings, afsprake, aflewerings of vakansies vir hulle nie. Die snelweg is die dun lyn tussen wêrelde.

Die plek van die padgedaantes. ’n Onderwêreld, ’n bowêreld, ’n tussenwêreld. Elkeen sweef op sy eie, op sy eie stuk aarde langs die streep teer. Hulle beweeg nie in pare nie.

Skynbaar het elke gedaante sy eie stuk van die hoofweg afgesteek. Telkens net die verskyning van enkele figure.

Sou hulle nog ’n taal praat, as hulle ooit praat? Eet hulle, slaap hulle?

Die bestemming? Hulle beweeg seker net tussen brûe, steek dit nooit oor nie. Lank gelede het hulle reeds die rivier oorgesteek.

Is hulle ooit in hierdie lewe, of is dit ek wat die pad byster is?

NOORDKAAP BULLETIN

**REDAKTEUR / EDITOR**
Helena Barnard helena.barnard@media24.com
**MEDEWERKER / EDITORIAL MEMBER**
Charné Kemp charne.kemp.writer@gmail.com
**ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS**
Natasha Ingram natasha.ingram@media24.com 082 567 3883
**BETREKKINGS / VACANCIES**
Noleen Petersen noleen.petersen@media24.com 051 404 7813
**REGSKENNISGEWINGS / LEGAL NOTICES**
noordkaapbulletinlegals@media24.com 051 404 7600
**GEKLASSIFISEERD / CLASSIFIEDS**
noordkaapbulletinadverts@media24.com 051 404 7600

**OMBUDSMAN**
Kontak NoordkaapBulletin se ombudsman oor klagtes: Stuur alle klagtes, navrae of voorstelle oor die inhoud van die koerant aan ons ombudsman, George Claassen, by 083-543-2471 of 021-851-3232 of na george.claassen@media24.com. Geen redaksionele materiaal of advertensie mag gereproduseer word sonder die toestemming van Media24 nie (artikel 12(7), Wet op Kopiereg 1978).



**PERSRAAD**
Ons onderskryf die Etiese Kode van die Suid-Afrikaanse Druk- en Aanlynmedia, wat ons verbind om joernalistiek te beoefen wat gegrond is op die waarheid, wat akkuraat, regverdig, gebalanseerd is, en onafhanklik ingesamel is.